## PEOPLE

## MENSE
## ABANTU

### Welcome to the new faces . . .

. . . *Ntsikilelo January* is the newly appointed regional librarian in Beaufort West Region.



Born and raised in Adelaide (Eastern Cape), Ntsiki studied BA at Fort Hare before enrolling for the postgraduate diploma in Library and Information Science at the University of Cape Town (UCT). After completing his degree he was employed as a library assistant (part-time) at the Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU formerly PE Technikon) and soon became full time. He was appointed as the head of libraries (formerly deputy city librarian) whereafter he joined the Department of Sport, Arts and Libraries in the Eastern Cape as a librarian.

He is interested in sport and loves life. The staff in Beaufort West region has made him very welcome and he is delighted to be part of the team.

. . . *Marthie Fourie* is die nuut aangestelde streekbibliotekaris van Swellendamstreek.



Sy het het in 1975 gematrikuleer aan die Hoërskool Burgersdorp en was gedurende 1976 'n student (soldoedie) aan die Burgerlike Beskermingskollege in George. Daarna verwerf sy die grade B Bibl Ed (1981) en BA Honn (Bybelkunde) (1982) onderskeidelik aan die Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg) en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou die Noordwes Universiteit).

Sy was vanaf 1982-1989 in diens van die destydse Transvaalse Onderwysdepartement as media-onderwyseres by verskeie hoërskole waar sy hoofsaaklik verantwoordelik was vir alle aspekte rakende die administrasie van die skoolmediasentum, die aanbieding van mediagebruikersleiding asook integreringsprogramme vir leerders.


Vanaf 1989-2012 was sy werksaam by Mangaung Biblioteekdienste, onder andere, as naslaanbibliotekaris en katalogiseerder waar sy hoofsaaklik gemoeid was met pligleweringsmateriaal.

***Ronel Mouton***
*Assistentdirekteur, Outeniqua Beheerarea*

### Moving on . . .

. . . *Linda Ngaleka*

Friends and colleagues said farewell to Linda Ngaleka at the end of August to join the Eastern Cape Library Service as manager of their acquisition, cataloguing and processing section.



Linda joined the Western Cape Library Service in February 2009 as a book selector and most definitely made her mark on the Selection Section. She undertook a survey of study collection needs among libraries and then systematically went about addressing the subject gaps she had identified. In the time that she was here, she also completed her Master's degree in Library and Information Science at the University of the Western Cape with a dissertation on the image of the public librarian.

There is only one Linda and she is already sorely missed for her friendliness, sense of humour and hearty laugh. We will certainly miss her at our pre-selection meetings where Linda would 'match' her fellow reviewers to the newly submitted titles and have us all in stitches. Theresa Sass says on behalf of us all, 'It is a heart-warming feeling to know that you are leaving us for better prospects. We wish you excellence in every field of your life.'

*All the best in your new position and stay in touch.*
*ED*

## LIBRARIES

## BIBLIOTEKE
## AMATHALA EENCWADI

### Graafwater herdenk

**Graafwater Biblioteek** het 'n heerlike Erfenisdag saam met die plaaslike rieldansers en Graad 5-leerders van Graafwater Hoërskool geniet. Die vrolike rieldansspan het die gemeenskap op die sportgronde vermaak en daarna het die personeel vir hulle vleis gebraai.

Nasionale Boomplantweek is ook deur **Graafwater Biblioteek** herdenk. Op 4 September het die Graad 6-klas van Graafwater Hoërskool, saam met biblioteekassistent Hilda Klaasens, 'n boom voor die biblioteek geplant. Nicole Hector, 'n Graad 6-leerder, het 'n voorlesing oor bome gedoen.

Die Olimpiese Spele was groot nuus in **Graafwater**. Personeel het 'n uitstalling van die Spele gemaak met 'n daaglikse aanduiding oor hoe Suid-Afrikaanse atlete in die spele vaar.







## Kommetjie Library cooks



Some serious concentration was required to make these summer placemats . . .



*Youngsters had great fun during an Easter hunt*

*Make your own Christmas crackers and save money*



**Kommetjie Library** is always a hive of activity. Some of the activities presented lately included the making of placemats and Christmas crackers, an Easter hunt, a talk by an author and illustrator as well as storytelling sessions.



*Children listening attentively during a storyreading by an author*



Storytelling sessions are always popular

*Casual Day in **Observatory Library** was earmarked by the library staff wearing T-shirts to celebrate the day. Every year the staff support Casual Day by buying stickers and either dressing up or wearing the T-shirt to show their support for mental health. Seen here are (ltr): Mary-Jane Magano (assistant librarian), Bonginkosi Dlelaphantsi (security guard), Lauren Lengeveldt (assistant librarian), Nadia Ismail (senior librarian) and Anthea Nefdt (assistant librarian)*




**Klapmuts Biblioteek** het onlangs 300 bome as donasie gekry. Dit was 'n groot geleentheid en 'n spesiale boomplantdag is gereël. Die leerders versorg die bome as 'n ekstra aktiwiteit. Bibliotekarisse beskou hulself as opvoerders en hierdie projek pas dus so reg in hul kraal.

***Beverly Rhode***
*Klapmuts Biblioteekbestuurder*



## A children's book club

**Valhalla Park Library** is situated in a low socio-economic area where gangsterism, drugs, child abuse and alcoholism challenges are prominent. With this as background, a children's book club was established in January 2012 with the goal to cultivate a habit of reading and to expose the children to the wonderful world that books have to offer.

The staff's vision is to inspire children to read and to bring about a positive change in the community with the hope that these children will in future act as role models to other kids. A children's book club is also a great way for children to make friends and socialise outside of school. It is important that children should have a safe place where they are free to be children.

The total membership has grown to twenty, and the ages vary between 7 and 13. The kids meet fortnightly on a Wednesday afternoon. Although they come together to read, they also participate in various other activities.

Alan Kannemeyer, their energetic assistant librarian who spearheads this club, took the members to the Tygerberg Nature Reserve during May. He has also secured sponsorship from the following companies: Pie City, Coca Cola, Absa Bank and the Sport and Recreation Department of the City of Cape Town to provide refreshments during the outing. Planned activities are: come to the club dressed as your favourite book character; make a craft related to a book. (For instance, book club members could construct their own wands when discussing *Harry Potter*).

The staff's dream is to expose children to a world other than just the daily hardships that they encounter.

*Alan Kannemeyer*
*Assistant Librarian, Valhalla Park Library*





## LITERARY AWARDS

### LITERÊRE TOEKENNINGS AMABHASO WONCWADI

### Chinese author wins Nobel

In October, Chinese novelist Mo Yan was awarded the 2012 Nobel Prize for Literature. His real name is Guan Moye but for his writing he uses the pseudonym Mo Yan, which means 'don't speak'.

The Nobel Prize, worth eight million kronor, goes to the writer 'who shall have produced in the field of literature the most outstanding work in an ideal direction'. Mo Yan was praised by the Swedish Academy for merging 'folk tales, history and the contemporary' with 'hallucinatory realism'.

### South African wins literary prize


Sifizo Msobe has won the 2012 Wole Soyinka Prize for Literature in Africa for his book **Young blood**. The prize of $20,000 was awarded at a ceremony held in September in Lagos. The Lagos State Governor, Babatunde Fashola, his Ogun State counterpart, Ibikunle Amosun, and former President of Ghana, Mr John Kuffuor, attended the ceremony.

### Afrikaanse boeke boer vooruit

Deon Meyer se spanningsroman **7 dae** is onlangs tydens die M-Net Letterkunde Prys-funksie aangewys as die wenner in die fliekafdeling - dus die Afrikaanse roman met die grootste verfilmingspotensiaal.

Afrikaanse fiksie beleef tans 'n bloeityd. Afrikaanse skrywers is produktiewer as ooit en hul skryfwerk is 'van uitstaande gehalte', sê Eloïse Wessels, uitvoerende hoof van NB Uitgewers.

Sonja Loots het die prys vir die beste Afrikaanse roman vir **Sirkusboere** gewen.



Die ander vier op die kortlys was **Piekniek by Hangklip** (Kerneels Breytenbach), **Net 'n lewe** (Fransi Phillips), **Wals met Matilda** (Dan Sleigh) en Meyer se **7 dae**.

Die beoordelaars in die afdeling Beste Roman was prof Stewart van Wyk, prof Heilna du Plooy en Gerrit Schoonhoven.

Ander wenners:

Engels: **Homemaking for the down-at-heart**, Finuala Dowling.

Venda: **Murunzi wa Vhutshilo** (The shadow of life), Takalani Mbedzi.

Pedi: **Tshweu Ya Ditsebe** (A gentleman with white ears), Herbert Lentsoane.

Sotho: **Manong a Lapile** (The vultures are hungry), Nhlanhla Maake.

## MISCELLANY

### ALLERLEI IINCWADI EZAHLUKENEYO

### Children benefit from new library

There are no mahogany shelves or staircases, no wooden floors or 'Silence' signs. For the children of Parkdene Primary in Scottsdene, their new container library is a beacon of hope and a stepping stone to a quality education.

The school accommodates 1,307 pupils and the library will provide 3,000 books, many of them in Afrikaans as this is the predominant language spoken in the Kraai-

fontein area. The child literacy organisation, Help2Read, also assisted in purchasing books for the library and will be mentoring and supporting it over the next few years, as well as implementating a reading club at the school.

The library is the first tangible project to have been funded by the sales of the clothing brand, 466/64 Fashion. Others are set to be opened in the Eastern Cape and KwaZulu-Natal. The container libraries form part of the Mandela Day Project 2012, spearheaded by Breadline Africa, in association with the Mandela Centre of Memory.

Achmat Dangor, 466/64 board member, says the organisation's vision was to create a global fashion brand that could provide a sustainable income stream to fund humanitarian work.

## Colourful march unites public servants

A vibrant and colourful march by hundreds of public servants united various Western Cape Government departments and other public sector entities at the *Better Together Games* at the University of the Western Cape on Friday, 19 October 2012.

The event was a result of a joint effort between the Western Cape Government and the three main sponsors – Nedbank, Old Mutual and Coca Cola. This was the last of four regional *Better Together Games* held in the Western Cape this year.

Despite the cold and rainy weather at the games held in the Metro, thousands of participants displayed their talents in a variety of sporting codes and recreational activities. The competitions included soccer, volleyball, cricket, chess, athletics and indigenous games. Highlights included the 6km fun run and the 2,5km fun walk around the campus. The tug-of-war and netball contests were two of the many events that thrilled the crowd.

Ms Helen Zille, Premier of the Western Cape, thanked the Minister of Cultural Affairs and Sport, Dr Ivan Meyer, for taking the initiative to organise regional sporting events across the province. 'We believe in a government that promotes healthy lifestyles and encourage citizens to do the same', she said.

In his opening address, Dr Meyer said the games brought people together to promote healthy lifestyles, and strengthened partnerships on the sports field as well as in the workplace. Most participants enjoyed participating in the games and rallying behind their teams.

The sponsors have yet to choose the overall winner of the coveted Better Together floating trophy for the best-represented department at the Games. It is possible there may be a formal presentation of the trophy in the Provincial Parliament.

The *Better Together Games* in the four regions enabled the Western Cape Government to encourage civil servants to adopt a healthy lifestyle by, among other things, playing sport and participating in recreational games.



*◀ Library Service staff were at the ready early in the morning at the Games and many participated in the fun walk. Seen here on the left is Maureen Olivier crossing the line. Below on the far right Pieter and Santie Hugo also kept the Library Service's name high*




## Our service to libraries

Featured below are publications produced by the Library Service during the months of September and October as well as publications produced by other organisations. As a service to NGOs and non-profit organisations, the Publication and Promotions Section distributes these to the 343 libraries in the Service.


Western Cape Library Service
Annual Review

Other
Suidoosterfees poster (City of Cape Town)
Develop @ your library (LIASA)
ChalkLine (WB Peach Media & Communications)
Celebrating the South African Literary Icon Walter Sisulu
**Better together magazine** (Official magazine of the Western Cape Government).



















## SKRYFGEDAGTES

## ON WRITING
## EZABABHALI

### Die belegging in skryf

Hoekom is kortverhale vir sommige mense beter as romans? Of eerder, hoekom is die korter genres (ook sketse, ensovoorts) verkieslik? Vir lesers dalk omdat hulle vinniger wil klaarmaak, amper soos 'n *quickie*: jy wil nie te veel tyd en energie insteek nie – jy soek feitlik onmiddellike plesier. Romans neem lank, en jy moet soms geduld hê, die ding soos 'n langafstandatleet benader: jou pas vasstel; hoeveel bladsye per porsie, of hoeveel minute min of meer per sessie.

Vir die skrywer insgelyks. Romanskryf is 'n belegging. Van tyd, wat jy gewoonlik nie het nie, daarom droom skrywers van finansiële onafhanklikheid om net te kan konsentreer op skryf. En van fisiese en emosionele energie. Dit kan jare neem. Wat jy dalk ook nie het nie. So sê 'n skrywersvriend nou die dag weer: 'Ons tyd loop uit om daai grote te vang.' Of iets in dier voege. Dit kom daarop neer dat as 'n skrywer eers oor die 50 is het hy/sy letterlik min tyd om daai grote te skryf. Dit kan dalk net 'n stuk werk wees wat tevredenheid verskaf – die wete dat hier iets is waarin jy bereik het wat jy wou, en nie juis beter kon doen nie – 'n eerlike stuk werk, afgerond en soomloos, miskien nie foutloos nie, want mense maak foute, maar jy moet mik vir die minste moontlik. Of dalk is die skrywer se ambisie om 'n topprys te verwerf, dalk selfs die Hertzog, Booker of Nobel Prys.

So lees ek vanoggend in *Die Burger* van 12 September 2012 dat Ingrid Winterbach die CL Engelbrecht Prys verower het. Deborah Steinmar, die artikelskrywer (*Groot eer vir skilder van woorde, stand van Afrikaans baar onrus*), noem dat Winterbach (wat ook onder ander name geskryf het, soos Lettie Viljoen) 'as 18-jarige die oog van meester Etienne Leroux gevang' het. Steinmar noem nie hoe oud Winterbach is nie, maar volgens die foto van laasgenoemde blyk sy al in die winter van haar lewe te wees. *Google* bevestig dit: sy is in 1948 gebore en is dus nou 64. Oukei, kom ons maak dit dan herfs – ek is nou 50, so ek wil self nie so naby aan winter wees nie! Begin weer: Ingrid Herfsenbach . . .

Grappies op 'n stokkie; Winterbach het as tiener al geskryf, en het dus vir minstens 'n halfeeu geïnvesteer om die dividende wat sy nou verdien, te kan oes. Mooi so, *good for her*. Die punt is: sy het nie geweet of sy eendag die etlike romans op die rak gaan sien (onder haar verskillende name) nie. (*onderaan is 'n biografiese samevatting van haar werke uit my vriendin Rosie Breuer se webwerf *www.Stellenboschwriters.com*). Winterbach het volgens Rosie se lys meesal langer genres aangepak. Sy het natuurlik die baie groot voordele geniet van 'n mentor soos Leroux, wat enige skrywer se moti-veringsproses soveel sou aanstu; het onder mense soos Opperman studeer; 'n stewige grondslag gehad in die akademie, spesifiek tale, en as dosent kon sy blootstelling kry en in die dampkringe van ander kreatiewes verder gevoed en gemotiveer word.

Ek noem dít pertinent, want ek is oortuig dat die kreatiewe persoon wat in isolasie werk, dit baie moeiliker vind om aan te hou en boonop heeltemal die pad byster kan raak. Ons sien ook in Rosie se stuk dat Winterbach eers in 2002 (dus op 54-jarige leeftyd) voltydse skrywer en skilder geword het. Op daardie ouderdom het sy reeds geweet dat sy as gevestigde skrywer nie hoef te twyfel oor haar keuse om daardie lang wroegende ure in te sit wat romans van mens verg nie. Sy het toe reeds 'n paar pryse gewen, was al deur die resensiemeule en het kontakte in die uitgewersbedryf gehad, sowel as 'n lojale lesersgevolg.

Nie dat ek probeer sê dit was ooit vir haar maklik nie – enigiemand wat al probeer skryf het weet dis nooit maklik nie – en sy bevestig dit ook in hierdie artikel deur Steinmar; dat sy altyd bly twyfel in haar vermoëns, dat sy woorde tel omdat hulle 'so moeilik en stadig kom', en sy werk volgens 'n vaste roetine – nie baie op 'n dag nie, maar so gereeld as moontlik – want 'n 'vaste roetine maak moeilike take makliker'. Sy werk ook volgens 'n duidelike storielyn ('plot'), want dit laat die narratief voortstu en gee die skrywer tegelyk groter vryheid om allerlei kronkelpaadjies te volg'. Dus werk sy 'n raamwerk uit en bly net min of meer daarby, maar hou dit altyd in gedagte. Dit impliseer ook dat sy vooraf op 'n spesifieke einde besluit het – al mag dit wel verander. En dit beteken weer dat sy nie net generies skryf nie, al beweer sy 'die skryfproses is lukraak, op goeie geluk af; 'n beskamende, merendeels frustrerende proses om taal in sy wederstrewige voeë te druk'.

Winterbach is volgens bogenoemde, en volgens haar akademiese rekord, 'n woordsmid, nie 'n rillerskrywer wat taal hoofsaaklik inspan om 'n enkele effek te bereik – spanning ter wille van ontvlugting – nie. Persoonlik is ek minder geïnteresseerd in die 'stadige en moeilike' tegnieke wat sy inspan, en sal tevrede wees met 'n *blockbuster* wat wel ook enkele dieper betekenisse kan hê – satiries dalk, interessant, oorspronklik en/of amusant dalk, met darem geloofwaardige karakters, maar om woorde uit te stal soos pêrelsnoere is nie my 'ding' nie – mens moet boonop jou beperkings ken . . .

Terug na die artikel: wat Steinmar bedoel met Winterbach se werk wat *hipper* en *funkier* geword het, weet ek nie, maar sy lyk nie baie *hip* en *funky* op die foto nie. Alles is egter relatief, en niks is onmoontlik nie, is my leuse hierdie week, so ek skuif Steinmar se bewering in daardie boksie in en beweeg aan.

Wat my meer interesseer is dat Winterbach sê sy dink nie Suid-Afrikaanse skrywers sal ooit soos rocksterre behandel word nie, en dat sy nog nooit 'die wonderlike *immediate gratification* van rockster wees beleef het nie'. Nie van die werk self óf van aanhangers nie, beweer sy – en dis wat ek probeer oordra: skryf is soos 'n belegging, jy moet hard werk . . . en dan wag jy. En romans is langtermynbeleggings. As jy nie bereid is om hard te werk oor baie maande nie en boonop nie weet of die aandelebeurs in die longdrop af sal val teen die tyd wat jy wil oes nie, moet jy los. Dis die aspek van skryf waarmee ek glo die meeste aspirant-romansiers worstel.

Winterbach het gewaag en gewen. Sy het sekere pyle in haar koker gehad. Sy het steeds baie hard en lank gewerk en gewag. Maar sy het gewen. Sy het haar akkolades verdíén.

**Dr Francois Verster**
*Korrespondent*

### Short cuts

*Ingrid Winterbach also writes under the pseudonym, Lettie Viljoen.*

Ingrid Gerda Winterbach was born on 14 February 1948 in Johannesburg. She obtained a BA Fine Arts (cum laude), a BA Hons in Afrikaans and Dutch (cum laude) at the University of the Witwatersrand and a MA in Afrikaans and Dutch (cum laude), at Stellenbosch University.

Winterbach taught briefly in Louis Trichardt and Johannesburg, before working as a reporter for *Die Burger* in Cape Town, and as an editorial member for the *Ensiklo-*

*pedie van die Wêreld* (Albertyn Publishers) in Stellenbosch. She subsequently lectured at the department of Creative Arts at Stellenbosch University from 1977-1990 and at the department of Afrikaans and Dutch at the University of Natal (Durban) from 1997-2001. Since 2002 she has been a full-time writer and visual artist.

Her first play, **Spyt**, was staged and directed by her daughter, Brink Scholtz in 2010.

### Awards

- M-Net Book Prize in 1994 and the Old Mutual Literary Award in 1997 for **Karolina Ferreira**
- WA Hofmeyr Prize in 2000 for **Buller se plan**
- Hertzog Prize in 2004 for **Niggie**
- WA Hofmeyr Prys 2007, M-Net Prys 2007 and University of Johannesburg Prize 2007 for **Die boek van toeval en toeverlaat**
- South African Literary Award for Literary Translation (2010) for the translation of **Die boek van toeval en toeverlaat**
- M-Net Literary Award 2011 for **Die benederyk**
- CL Engelbrecht Prize for Literature 2012 for **Die boek van toeval en toeverlaat.**

### Books

*As Ingrid Winterbach*

**Buller se plan**.- Human, 1999.
**Niggie**.- Human, 2002.
**The elusive moth**.- Human, 2005.
**Die boek van toeval en toeverlaat**.- Human, 2006.
**To hell with Cronjé**.- Human, 2007.
**The book of happenstance**.- Human, 2008
**Die benederyk**.- Human, 2010.
**Spyt** (Drama), 2010.
**Die aanspraak van lewende wesens**.- Human, 2012.

*As Lettie Viljoen*

**Klaaglied vir Koos**.- Taurus, 1977.
**Erf**.- Taurus, 1986.
**Belemmering**.- Taurus, 1990.
**Karolina Ferreira**.- Human, 1993.
**Landskap met vroue en slang**.- Human, 1996.

### Exhibitions

1998 Three person exhibition, Stellenbosch (with Lyn Smuts and Rebecca Tetley)
2000 Solo exhibition, NSA Gallery, Durban
Natal Arts Trust Biennale, Durban
2001 *Storyboard* - curated by Storm Jansen van Rensburg, NSA gallery, Durban
*Dubbelkuns* - joint exhibition with Breyten Breytenbach, Stellenbosch.
*Routes & journeys* - residency at Caversham Press, Caversham, KZN
*Jabulisa 2000*: The Art of KwaZulu Natal, Durban Art Gallery
2002 *Untold tales of magic* - curated by Jill Addleson, Durban Art Gallery, Durban
*Doodles*, an exhibition of serious drawings - NSA gallery, Durban
2003 *Outpost II* - Stellenbosch University Art Museum, Stellenbosch
*Remember me/Is all I ask* - solo exhibition, NSA Gallery, Durban
*Journey* - group exhibition, Art on Paper, Johannesburg.

### Collections

Durban Art Gallery, Durban
Carnegie Art Gallery, Newcastle
University of Stellenbosch Art Museum, Stellenbosch
Durban Institute of Technology Art Gallery, Durban.

# Kaapse Bibliotekaris 40 Jaar Gelede ...

*Stefan Wehmeyer* *Adjunkdirekteur: Streke*

- 'n Hele uitgawe van die **KB** word gewy aan omgewingsake. Artikels verskyn deur WA De Klerk (*Die krankheid tot die dood toe*), Douglas Hey (*Books and nature conservation*) en Danie Botha (*Gerugte van besoedeling*). Danie Botha haal koerantberigte oor besoedeling aan: 19 April 1972: 'Duiwelspiek se duiwel het heelnag gerook, en toe het hy al die rook, dampe, koolstof en mistigheid na onder geblaas om soos 'n dowwe sluier oor die stad te lê' . . . 'Hoewel inversie-lugbesoedeling tans baie vererger, is dit geen buitengewone verskynsel nie, sê 'n weerkundige by die lughawe. Lugbesoedling kan nie aan die weer gewyt word nie, maar wel aan mense.' 3 Maart 1971: 'Duisende dooie visse, hoofsaaklik karpers, het gister op die oppervlak van die Liesbeek naby die Hartleyvale-stadion gedryf. Die visse is vermoedelik dood weens olie of politeen op die water.'
- Dit help nie veel as mens omgewingsake propageer en jou biblioteek lyk slordig nie! Daarom seker dat die Oktober 1972-uitgawe van die **KB** gewy word aan artikels oor netjiese biblioteke. Glenn Emmerson from Cape Town City Libraries wrote: 'Few people read notices, and to those who do, nothing is as unwelcoming as a barrage of notices saying "No dogs"; "No smoking"; "Silence"; et cetera. A tactful word from the librarian in this respect will always be more effective. Notices should therefore be positive and kept to a minimum . . . there are two basic rules for keeping a library neat and tidy. Firstly avoid clutter and secondly, work out a routine in which a certain section of a library is tidied at a certain time each day . . .'
- Ilze Swart verskaf praktiese wenke om die boekevoorraad netjies te hou en ook oor die gereelde uitdunning van die voorraad. 'Om die boekevoorraad leesbaar, bruikbaar en vars te hou, behoort dit gereeld, sê maar elke vier maande, ondersoek te word. Dan word die voorraad uitgedun en kan 'n mens jou van die titels vergewis sodat jy meer doeltreffende leiding aan die lesers kan gee.'
- The new Sea Point Library on the corner of Three Anchor Bay Road and Main Road was officially opened on 26 June 1972. This library replaces the old Sea Point Library, situated on the first floor of the old Town Hall, as well as the Green Point Library, which was housed in a converted shop on the Main Road in Green Point.
- Ocean View Library opened on 4 August 1972. The first librarian was Mrs E Manuels and she was assisted by Miss C Cupido.
- Bevordering: 'Mnr Frans van der Merwe is onlangs bevorder in die nuutgeskepte pos van hoofbibliotekaris in Noord-Kaapland.' (Mnr Van der Merwe is later as die direkteur van die Provinsiale Biblioteekdiens, Wes-Kaap aangestel.)




*Our best-sellers from Kalahari.com, Protea Boekwinkel and the Book Lounge for the months September/October 2012.*

## Kalahari.com

*www.kalahari.com*

*Fiction / Fiksie*

1. James, EL. **Fifty Shades trilogy** (Boxed set).- Arrow Bks., 2012.
2. Reichs, Kathy. **Bones are forever**.- Heinemann, 2012.
3. Patterson, James. **Zoo**.- Century, 2012.
4. Day, Sylvia. **Bared to you**.- Penguin, 2012.
5. Rowling, JK. **The casual vacancy**.- Little, Brown, 2012.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. **Guinness world records, 2013**.- Guinness, 2012.
2. Braai, Jan. **Fireworks**.- Bookstorm, 2012.
3. Oliver, Jamie. **Jamie's 15 minute meals**.- Michael Joseph, 2012.
4. Van der Westhuizen, Marlene. **Abundance: city food from the Cape**.- Pan Macmillan, 2012.
5. Lawson, Nigella. **Nigellissima: instant Italian inspiration**.- Chatto, 2012.

## The Book Lounge

*www.booklounge.co.za*

*Fiksie / Fiction*

1. Edugyan, Esi. **Half blood blues**.- Serpent's Tail, 2011.
2. Tan, Twan Eng. **Garden of evening mists**.- Penguin, 2012.
3. Shoneyin, Lola. **Secret lives of Baba Segi's wives**.- Serpent's Tail, 2011.
4. **African Violet: the Caine Prize for African writing**.- Jacana, 2012.
5. Flanery, Patrick. **Absolution**.- Penguin, 2012.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. Ottolenghi, Yotam. **Jerusalem: a cookbook**.- Random House, 2012.
2. Mangcu, Xolela. **Biko: the biography**.- Tafelberg, 2012.
3. McKaiser, Eusebius. **A Bantu in my bathroom**.- Pan MacMillan, 2012.
4. Joubert, Leonie. **The hungry season**.- Pan Macmillan, 2012.
5. Rushdie, Salman. **Joseph Anton**.- Jonathan Cape, 2012.

## Protea Boekwinkel (Stellenbosch)

*www.proteaboekhuis.com*

*Fiction / Fiksie*

1. Van der Merwe, Carel. **Skaduwee**.- Umuzi, 2012.
2. Marais, Loftus. **Kry my by die gewone plek aguur**.- Tafelberg, 2012.
3. Winterbach, Ingrid. **Die aanspraak van lewende wesens**.- Human & Rousseau, 2012.
4. Brink, André P. **Philida - 'n slaweroman**.- Human & Rousseau, 2012.
5. Van Heerden, Etienne. **Haai Karoo**.- Tafelberg, 2012.

*Non-fiction / Nie-fiksie*

1. **Die Afrikaanse skryfgids** / samestellers, Riana Scheepers en Leti Kleyn.- Penguin, 2012.
2. Braai, Jan. **Vuurwerke**.- Human & Rousseau, 2012.
3. De Vries, Fred. **Rigtingbedonnerd - op die spoor van die Afrikaner post-'94** / vertaal deur Zandra Bezuidenhout.- Tafelberg, 2012.
4. Terreblanche, Sampie. **Lost in transformation**.- KMM Review Pub., 2012.
5. Rousseau, Leon. **Die groot verlange - die verhaal van Eugène N Marais**.- Protea Boekhuis, 2005.